# Wysies, Wysheid en Wonders

## Elisabet se Kerslied

Koos van der Merwe| Eden Gemeente | 7 Desember 2025

Ons begin vandag ons Kersreeks: Wysies, Wysheid en Wonders. En ons begin met een van die diepste vrae van die geloofslewe: Hoe weet ek dat God met mý praat? Hoe kan ek Sy stem onderskei van die duisend ander stemme in my kop—die stemme van vrees, van ambisie, van twyfel, van die wêreld om my?

Ons leef in 'n wêreld van geraas. Nie net die klank van verkeer of selfone wat aanhoudend biep nie, maar van innerlike geraas. In die geraas van die binneste, smag die siel na een ding: 'n duidelike, betroubare ervaring dat God met my praat. 'n Fluistering wat sê: "Hierdie is die pad. Ek is met jou. Moenie bang wees nie."

Vandag se verhaal, die ontmoeting tussen twee vroue in die heuwels van Judea, is 'n intieme uitbeelding van hoe God 'n mens kan help om Hom te hoor. Baie min mense het ooit engele uit die hemel hoor praat, of God se verskyning gesien. Want God se stem het grootliks te doen met 'n innerlike wete, 'n geheime oortuiging…Dis hoe dit is in die deel van die Kersverhaal waaraan ons vandag gaan dink, van God se stem in die hart deur die Heiige Gees. 'n Verhaal van hoe 'n mens leer om die onsienlike te sien en die onhoorbare te hoor.

Kom ons lees daardie bekende, misterieuse, gedeelte in…

**Lukas 1:39–45**

39 EN in daardie dae het Maria opgestaan en haastig na die bergstreek gegaan, na 'n stad van Juda;

40 en sy het in die huis van Sagaría gekom en Elisabet gegroet.

41 En toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in haar skoot opgespring; en Elisabet is vervul met die Heilige Gees

42 en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!

43 En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?

44 Want kyk, toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my skoot van vreugde opgespring.

45 En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.

**1. 'n Haastige Maria…**

Om hierdie oomblik te verstaan, moet ons eers teruggaan na Maria, alleen in haar kamer, net nadat die engel Gabriël vertrek het. Stel jou die stilte voor. Die lug, wat oomblikke tevore vol was van die energie van 'n hemelse boodskapper, is nou net stil, gewone, lug. En Maria is alleen. Alleen met 'n belofte wat so groot, so onmoontlik is dat dit soos waansin klink.

Sy, ’n jong, ongetroude meisie, is swanger met die Seun van God.

Sy het haar oorgawe gegee: “Laat met my gebeur volgens u woord.” Dit was ’n oomblik van ontsaglike moed. Maar moed en sekerheid is nie dieselfde ding nie. Haar oorgawe was eintlik ’n “half-begrypende oorgawe”. Sy het ingestem, maar sy kon onmoontlik die volle implikasies verstaan het. Meer nog, sy het met ’n geheim geleef wat sy met niemand kon deel nie. Wie sou haar glo? Haar ouers? Josef, haar verloofde? Die gemeenskap? Haar lewe, soos sy dit geken het, sou sosiaal en verhoudingsgewys vernietig word.

Hierdie is die eerste stap om God te hoor: dit is dikwels ’n diep persoonlike, en soms pynlik eensame, ervaring. God plaas ’n oortuiging, ’n begeerte, ’n woord, ’n idee, ’n roeping, diep in jou binneste, maar daar is nog geen uiterlike bewys, of waarborg of selfs inligting nie. Net jý het hierdie bewustheid, en dit is selfs nie baie duidelik nie. Dalk om van loopbaan te verander. Dalk is dit ’n innerlike versekering dat jy deur ’n donker krisis sal kom. Die oorwinning, die oplossing voel vir jou naby. Dalk is dit ’n diep oortuiging dat jy ’n spesifieke gewoonte, ’n geheime verslawing, moet los.

So ’n oomblik, privaat, net jy en ’n innerlike wete laat jou soms beide uitverkore en geïsoleer voel. Soos Maria, nog baie vroeg in haar swangerskap, dra jy ook in ’n sin ’n kosbare, breekbare waarheid wat die niemand nog nie kan sien nie. En in so ’n tyd is daar stemme van twyfel: Is dit regtig God? Of verbeel ek my net? Is ek besig om myself te flous? Is dit nie maar net my eie emosies of wensdenkery nie?

Maria se reis na Elisabet was nie ’n triomfantlike optog nie; dit was ’n brose soeke na bevestiging. Die engel het haar ’n leidraad gegee: “Jou familielid Elisabet, sy wat onvrugbaar was, is ook swanger.” Dit was asof God in sy genade gesê het: “Ek weet hierdie belofte is te groot vir jou om alleen te dra. Gaan, gaan soek die een ander siel op aarde wat reeds weet dat Ek die onmoontlike doen.”

Ons het gelees, sy het “haastig” gegaan. Daar is ’n dringendheid. Dis nie die rustige pas van ’n vakansiebesoek nie. Dis die dringendheid van iemand wat êrens ’n oor, ’n klankbord soek, “Is ek nie besig om dit te verloor nie. Was dit ’n engel? Hallusineer ek nie?”Ons almal kom daar, om as’t ware op soek te wees na ’n eggo van die hemel in die stem van ’n vriend.

### 2. ’n Voorbereide Elisabet...

Voordat ons by Elisabet se huis aankom. Dink weer aan Maria. Sy het ’n dramatiese, ingryende ervaring gehad. Maar die hart kan nie oorleef om drama nie, sy het nou meer as ooit die stil stem van die Here in haar wese nodig. God dra ’n mens deur die fluisterings in die binneste. Waar in die binneste? is dit net die verstand? Is dit emosies? Natuurlik speel dit alles ’n rol, maar die Bybel sê God is Gees.

Kan jy onthou wat Jesus in Johannes 4vir die vrou by die put sê oor ’n verhouding met God? As jy God wil aanbid, gehoorsaam, ken, sê Jesus... kom ons lees:

**Johannes 4:23-24**

23...daar kom ’n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.

24God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

In die gees van ’n mens, dis daar waar jy God leer ken...

**Spreuke 20:27**

Die gees van die mens is ’n lamp van die HERE, dit deursoek al die kamers van die binneste.

Dink hieraan: Jy het ’n innerlike heiligdom, ’n diepste kamer in jou wese. En in daardie kamer het God ’n lamp geplaas. Daardie lamp is jou gees, die deel van jou wat geskape is om met Hom ’n verbintenis te hê, om sy lig te ontvang. Wanneer God praat, is dit hier waar Hy die lig aanskakel. Sy stem is ’n ligstraal wat die donker hoeke van jou hart, jou “binneste kamers”, verlig en jou wys wat waar is.

Paulus bou hierop in 1 Korintiërs 2, waar hy verduidelik dat die “geestelike mens” die dinge van God kan verstaan, want die Heilige Gees openbaar dit aan ons eie gees. God praat Gees tot gees.

**1 Korinthiërs 2:9-10,12,14-15**

9maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

10Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God…

12Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het…

14Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

15Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge…

God deursoek die gees, praat in die kamers van die binneste. En dikwels is ons innerlike kamers deurmekaar en stowwerig, met rommel van onvergewensgesindheid, spinnerakke van ou wonde, die stof van donker ambisies, oppervlakkige afleiding. Wanneer God se lig probeer deurskyn, is die effek gedemp en onduidelik. Ons sien dalk ’n flikkering, maar ons is nie seker wat dit is nie.

Vir die innerlike lamp om helder te kan skyn moet daar ’n stil plek wees in die regula van my dag. Die Franse filosoof Blaise Pascal het eeue gelede al gesê:

“The sole cause of man’s unhappiness is that he does not know how to stay quietly in his room.” Blaise Pascal

Elisabet was ’n vrou wat duidelik baie tyd in hierdie innerlike kamer spandeer het. Sy en Sagaria, sê

**Lukas 1:6**

…hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik gewandel (…they were righteous, both of them, in the sight of God, ordering their lives within the sphere of all the commandments and ordinances of the Lord, blameless - NTET)

Haar lewe was ’n voorbereiding. Haar hart was ’n skoon, stil ruimte, gereed vir die oomblik wanneer God se lig sou instroom. En toe Maria by haar voordeur inkom, het dit gebeur.

**3. Om te sien sonder om te sien...**

Kom ons keer terug na daardie klein huisie in die heuwels. Maria stap in, 'n eenvoudige groet, waarskynlik iets soos "Shalom". Wat volgende gebeur, is nie net 'n gesprek nie; dit is 'n Goddelike gebeurtenis.

"En toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in haar skoot opgespring; en Elisabet is vervul met die Heilige Gees..."

Die eerste getuie van Jesus se teenwoordigheid op aarde was nie 'n teoloog of 'n priester nie, maar 'n ongebore baba. Johannes die Doper begin sy profetiese bediening nog voor sy geboorte, met 'n sprong van vreugde. Hierdie fisiese reaksie in Elisabet se liggaam is die sneller vir 'n geestelike ontploffing in haar siel. Die Heilige Gees vervul haar, en skielik sien sy.

Sy sien nie met haar fisiese oë nie. Maria se swangerskap was waarskynlik nog nie sigbaar nie. Sy sien met die oë van haar hart, met daardie verligte innerlike lamp. En wat sy sien, is die geheim wat Maria alleen gedra het. Sy spreek dit hardop uit:

"Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot! En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?"

Stop vir 'n oomblik en dink aan die gewig van daardie woorde. "My Here." Dit is nie net 'n beleefde aanspreekvorm nie. Dis 'n verstommende teologiese verklaring. In 'n oomblik van Goddelike openbaring, verstaan Elisabet dat die baba in Maria se baarmoeder nie net die Messias is nie, maar die Here God self. Dit is diep, Trinitariese teologie wat uit die mond van 'n ou vrou in 'n vergete dorpie vloei.

Kan jy jou Maria se verligting indink? Die spanning, die vrees, die twyfel van daardie lang, eensame reis smelt weg in die warm gloed van Elisabet se woorde. Die geheim wat in haar siel gebêre is, word nou deur 'n ander stem bevestig. Sy is nie mal nie. Dit is werklik. Dit is van God.

Hierdie is die tweede baie belangrike deel van hoe ons God hoor. God praat dikwels eers in die geheim met ons hart, maar Hy sal dit byna altyd op een of ander manier deur die buitewêreld bevestig. Dit kan deur 'n ander gelowige wees, soos Elisabet. Dit kan deur 'n Skrifgedeelte wees wat skielik vir jou lewendig word. Dit kan deur 'n onverwagte gebeurtenis wees wat presies inlyn met wat jy in jou gees gehoor het. Die bevestiging is God se genadige manier om te sê: "Jy het reg gehoor. Vertrou My."

Elisabet se uitroep is die eerste Kerslied. Dit is 'n lied van wysheid. Die wysheid om verby die oppervlak te kyk—verby die jong, gewone meisie—en die Here van die heerlikheid te sien wat in haar skoot versteek is. Hierdie soort wysheid kom nie uit boeke of lewenservaring nie. Dit is 'n gawe van die Heilige Gees aan 'n hart wat voorbereid is om te ontvang.

**4. Hoe kry 'n mens só 'n hart?**

Dit alles bring ons by die mees praktiese en persoonlike vraag: As dit is hoe dit werk, hoe kan jy 'n hart kweek wat soos Elisabet s'n is? Hoe kan jy meer ingestel raak op die fluistering van die Heilige Gees?

Die Bybel is duidelik dat hierdie vermoë nie outomaties is nie. Dit kan gekweek word, en dit kan ook verloor

word.

Paulus praat van iets wat 'n mens aan jou eie binneste kan doen wat God se stem uitdoof...

**1 Timótheüs 4:2**

...die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete...

'n "Toegeskroeide gewete." Dink aan jou vel. As jy een keer 'n warm plaat aanraak, is die pyn intens. Maar as jy jare lank met jou hande werk, vorm daar eelte. Die vel word hard, dik en ongevoelig. Jy kan aan dinge raak wat jou voorheen sou gebrand het, en jy voel dit skaars.

Dieselfde gebeur met ons gees. Elke keer as die Heilige Gees jou aanstoot gee—om verskoning te vra, om vrygewig te wees, om tyd in gebed te spandeer, om jou van skinder te weerhou—en jy ignoreer daardie sagte stem, vorm daar 'n klein bietjie geestelike eelt. Jy sê, "Nie nou nie," of "Dis nie so ernstig nie." Na jare van klein kompromieë en doelbewuste ongehoorsaamheid, word jou gees hard.

Kyk hoe waarsku Paulus in...

**Efésiërs 4:17-19**

17In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.

Hulle kan nie meer die onderskeid tussen reg en verkeerd voel nie. God praat nog steeds, maar hulle kan Hom eenvoudig nie meer voel of hoor nie. Die lamp in hulle binneste kamer is steeds daar, maar die vensters is so vuil dat geen lig kan inkom of uitgaan nie.

Henri Nouwen, 'n skrywer wat die stryd om God in die moderne wêreld te hoor diep verstaan het, het geskryf:

"Solitude is not a private therapeutic place. Rather, it is the place of conversion, the place where the old self dies and the new self is born, the place where the emergence of the new man and the new woman occurs." Henri Nouwen

Kyk na die eerlike stilword, tyd, afspraaktyd, oopmaak dat die Here sy lig kan skyn op die harde plekke in die hart...

**Psalm 32**

Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf

word nie, wie se sonde vergewe word.

2Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie.

3Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp

geroep het.

4U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Sela

5Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe...

8Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou.

9Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.

En kyk na die belofte in...

**Psalm 25**

Die verborgenheid van die HERE is vir die wat Hom vrees...

Die woord vir "verborgenheid" hier is die Hebreeuse woord sôd. Dit beteken nie net 'n geheim nie, maar 'n vertrouensgeheim, soos dié wat tussen die naaste vriende gedeel word. 'n Intieme binnekring, 'n raadskamer waar geheime planne bespreek word. Die vers sê dat God Sy sôd, Sy diepste gedagtes en planne, deel met dié wat Hom "vrees"—dié wat met 'n diepe, liefdevolle eerbied naby Hom leef.

Hierdie is nie 'n nuwe idee nie. Dit is 'n goue draad wat deur die hele Skrif loop:

- In Genesis 18 vra God retories: "Sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek gaan doen?" Nee, want Abraham is Sy vriend. Hy bring hom in Sy sôd.
- In Amos 3:7 sê die profeet: "Die Here HERE doen niks tensy Hy sy geheim (sôd) aan sy dienaars, die profete, geopenbaar het nie."
- Jesus neem hierdie diep Ou Testamentiese idee en maak dit verstommend persoonlik in Johannes 15:15: "Ek noem julle nie meer diensknegte nie... maar vriende, want alles wat Ek van my Vader gehoor het, het Ek aan julle bekend gemaak." Vriendskap met Jesus gee jou toegang tot die sôd van God.

Om God te hoor, is nie 'n tegniek nie; dit is die natuurlike uitvloeisel van 'n intieme verhouding. Dink daaraan: As jy in 'n stampvol vertrek is, kan jy steeds die stem van jou eggenoot of jou beste vriend uitken, selfs al fluister hulle. Hoekom? Omdat jy jare spandeer het om na daardie stem te luister. Jy ken die toon, die ritme, die unieke klank daarvan.

Net so leer ons God se stem ken deur tyd in Sy teenwoordigheid te spandeer—in Sy Woord, in gebed, in stilte. Ons leer om Sy "stem" te onderskei van die geraas.

Jesus self het dit bevestig. Toe die mense verbaas was oor Sy wysheid, het Hy gesê:

**Johannes 7:17**

As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is...

'n Gewillige hart. 'n Hart wat sê: "Here, meer as enigiets anders, wil ek doen wat U wil hê." Daardie gewilligheid is soos om jou innerlike radio op die regte frekwensie te stel. Skielik begin die statiese geraas

verdwyn, en die helder sein van God se stem kom deur. ’n Hart wat hard en koppig is, soos die perd en muilesel in Psalm 32, sal die nabyheid van God misloop.

Om God te hoor, is ’n keuse. Dit is die keuse om jou gedagtes doelbewus weg te draai van die geraas en op Hom te fokus. Dit is die keuse om jou hart sag te hou deur vinnig te bely en te vergewe. Dit is die keuse om te glo dat Hy steeds praat en dat jy Sy stem kan hoor.

Die hele ontmoeting tussen Maria en Elisabet eindig met een van die groot saligsprekinge in die Bybel. Nadat Elisabet alles gesien en gesê het, kyk sy na haar jong familielid, en met die volheid van die Heilige Gees spreek sy hierdie seën oor haar uit, ’n seën wat vandag nog oor die eeue eggo vir elkeen van ons:

“En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.”

Salig is jy wat glo.

Geseënd. Gelukkig. Tevrede. Heel. Dit is die toestand van die persoon wat die fluistering van God in hulle eie siel hoor en kies om dit te vertrou, selfs voordat daar enige uiterlike bewys is.

Maria is “salig” genoem, nie omdat sy perfek was nie, en nie omdat sy alles verstaan het nie, maar bloot omdat sy geglo het. Sy het die onmoontlike woord wat aan haar gegee is, geneem en daarop gehandel. Sy het die eensame reis aangedurf, en aan die einde van daardie reis het sy die blye bevestiging gevind wat haar geloof in aanbidding laat uitsing het.

Hierdie is die uitnodiging van die eerste Kerslied. Dit is die wysheid van Elisabet. God fluister vandag nog. In die stil kamers van ons harte plant Hy beloftes, idees, opdragte, roepinge, oortuigings. Die wêreld sal jou vertel jy is dwaas om daarna te luister. Jou eie twyfel sal skree dat jy jou verbeel.

Maar Elisabet se lied nooi ons uit na ’n ander pad. Dit nooi ons uit om ons innerlike lamp skoon te maak. Om te luister met ’n gewillige hart. En om te glo. Om te glo dat die Here met jou kan praat, en dat sy woorde waar kan word.

Die grootste wonder van Kersfees is nie net dat God na die wêreld gekom het nie. Dit is dat Hy steeds na elkeen van ons kom, in die stilte van ons eie harte, en ons nooi om Hom te hoor, Hom te vertrou en Hom te volg.

En so kyk ons met die oë van die hart na hierdie brood en hierdie wyn, en ons sien meer. Ons sien die onsienlike. Hoe my skuld betaal is. Hoe God, Wie se vyand ek was, my vriend word, en ek sy stem kan begin hoor. Omdat hierdie Vriend gesterf het, ’n Vyand moes word… Ons sien brood en wyn, maar ons sien meer, net soos Elisabet, sien ons Hom, ons Heer.